



KOEL EN KEURIG

KOEL EN KEURIG

Patroon deur Ontwerpateljee, UNISPIN

BENODIGDHEDE: Wit Fiesta Export Nr.5 (20-g-bolle of 250-g-keëls) 8 bolle of 2 keëls; hekelpen van 2,50 mm.

Let wel: Gebruik slegs aanbevole gare; ander gare mag onbevredigende resultate oplewer.

MATE: Om borsmaat van 81-91 cm lossies te pas; lengte vanaf skouer 68 cm; mounaat 72 cm.

SPANNING: 17 sps en 14 rye = 10 x 10 cm oor patroon met 2,50-mm-hekelpen.

Let wel: Gaan jou spanning sorgvuldig na; indien jy minder ste het moet 'n fynere hekelpen gebruik word, maar indien daar meer ste is, gebruik 'n dikker pen.

AFKORTINGS: gs – glijpsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; hlb – halfalangbeen; sp(s) – spatie(s); st(e) – steek (steke); beg – begin; herh – herhaal; vlg – volgende; alt – alternatiewe; pat – patroon; blk(s) – blokkie(s); vermeer – vermeerder; vermin – verminder; RK(VK) – regte (verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante.

Let wel: Die trui word aaneengehekel.

GAATJIESPATROON: Basisry (wat op begin-ks-ry gehekel word): 1kb in 6e ks vanaf hekelpen, * 1ks, slaan 1ks oor, 1lb in vlg ks; herh vanaf * tot einde.

Alle daaropvolg rye: 4ks, slaan 1e lb oor, 1lb in vlg 1lb, * 1ks, 1lb in daaropvolg 1b; herh van * tot einde.

Blokkie(s): Hekel 1lb in 1ks-sp van vorige ry.

AGTERPANT: Begin aan onderrand met 190ks, draai en hekel basisry soos uiteengesit; 93sps.

Hekel so voort, maar raadspleeg diagram tot 67e ry voltooi is.

Mouvorming: Gebruik 'n afsonderlike stuk gare en hekel 80ks; hou eenkant.

Hekel 83ks aan beg van vlg ry; hekel basisry van gaatjies-pat in dié ste en om 40 sps te verkry, hekel voort oor agterpant soos aangedui op diagram; hekel dan gaatjies-pat oor die 80ks wat gereedgemaak is – 173 sps.

Volg diagram tot skouer-ry bereik word.

Hekel vanaf dié ry in omgekeerde volgorde, d.w.s. vanaf skouer tot onderrand.

Halsvorming: Laat 33 sps aan middel van vlg ry (=halsrand van agterpant) ongewerk; hekel elke skouerstuk afsonderlik soos volg:

Hou patroon deurlopend maar vermin 1 sp aan halsrand in elk van vlg 6 rye; vermeer daarna 1 sp aan dieselfde kant in daaropvolg 6 rye.

Hekel tweede skouerstuk op dieselfde manier.

VOORPANT: Vlg ry: Hekel in patroon oor 1e kant, maak dan 65ks aan middel van voorpant om halsrand te vorm, en gaan voort in pat oor 2e kant.

Volg diagram en hekel gaatjies-pat oor ks aan halsrand – 93 sps.

Voltooi voorpant volgens diagram.

Knip gare af.

AFWERKING: Vou werk by skouers en met VK voor hekel 'n ry kb om sy- en mounate toe te werk; hekel 2kb in elke sp.

OMRANDING: Hekel om onderrand en elke mourand soos volg:

1e ry: 2kb in elke sp rondom; eindig met

gs in 1e kb.

2de rondte: 1kb, * 7ks, slaan 3kb oor, 1kb in vlg kb; herh van * tot einde en eindig met gs in 1e kb.

3e rondte: 1kb in 1e kb, * (5kb, 1p) in 7ks-sp. (dié picot is 5 ks, 1hbl in bopunt van laaste kb) 5kb, 1kb in vlg kb, herh van * tot einde; eindig met gs in 1e kb.


Knip gare af.

AFWERKING HALSRAND: 1e rondte: 2kb in elke sp.

2e rondte: 4ks, slaan eerste 2kb oor, * 1lb in vlg kb, 1ks, slaan 1kb oor, herh vanaf * tot einde, en eindig met gs in 1e kb.

3e rondte: 2kb in elke 1ks-sp.

Knip gare af en werk af. Moenie pars nie.



□ – spatie
X – blokkie.